

Die Stam Dan

Wat het gebeur met die stam Dan? Hoekom is hulle nie deel van die 144 duisend uitverkore nie? Bestaan hulle nog en waar vind hulle hulself tans? Die vrae en nog-wat, wat ek nou gaan deurgee:

In Gen. 30:5 lees ons dat Bilha die slavin van Ragel wat swanger geword het en vir Jakob 'n seun baar. :6 Ragel 'Jakob se vrou' sê dat VADER aan haar reg verskaf het en haar gebede verhoor het en vir haar 'n seun gegee het. Sy noem hom toe Dan. Gen. 35:25 lees ons dat Bilha, die slavin van Ragel, twee seuns vir Ragel gebore het nl.: Dan en Náftali. In Gen.49:16 lees ons dat Dan soos al die seuns van Jakob ook sy volk reg verskaf, maar tog ontvang Dan in Gen. 49:17 'n slang simbool wat 'n horingslang sal wees op die pad wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiters agteroorval.

Ons lees in Ex. 35:34, toe die volk uit Egipte getrek het, het die Dan geslag 'n onderrigting-gees (*deur die guns van VADER*) ontvang om die volk te onderrig. In Ex. 36:1 sien ons dat Besáleël en Ohóliab (*Dan geslag*) elk kunsvaardigheid ontvang het. Dus het VADER aan hulle wysheid en verstand gegee om al die rein werk te vervaardig. Hulle kon dit verrig / maak net soos VADER hulle beveel het.

Hoor mooi wat in Ex. 38:23 staan, wat ek wil uit wys oor hulle belangstelling in kuns werke: Vers 38: *En saam met hom Ohóliab, die seun van Ahísamag, van die stam van Dan, 'n ambags-man en kunstenaar en kunswever in pers en in purperrooi en in bloedrooi stowwe en in fyn linne* (Hou ook die gedagte tot later). Ons kyk na 'n gebeurtenis wat afspeel in Lev. 24:10 waar 'n seun van 'n Yashar'EL vrou (*tog 'n seun van 'n Egiptiese man*) gehad het. Die Egiptiese seun het uitgegaan tussen die kinders van Yashar'EL. Hy het gaan veg met 'n seun van 'n Yashar'EL vrou en 'n Yashar'EL man in die laer. Met die geveg lees ons in Lev. 24:11 dat die seun van die 'Yashar'EL vrou en Egiptiese man' die NAAM van VADER gelaster en gevloek het. Hulle het hom gevang en na Moses gebring. Die naam van die seun se moeder was Sélomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan. Ek haal die deel aan om uit te wys dat Dan se mense hulle baie verbind het met die Egiptiese mense met hul gode en doen en late (*Hou die geval in gedagte*).

Soos ons weet het die volk 'n swerftog van 40 jaar in die woestyn gehad waarvan Josua die volk in die belofte-land ingelei het. Ons lees in Jos 19:40 dat die stam van die kinders van Dan, volgens hulle geslagte, die sewende lot ontvang het om grondbesit. Maar as jy Jos 19:47 lees sal jy sien dat hulle hul grondgebied kwytgeraak het (*deur on belangstelling*).

Dan het teen die kinders van Lesem gaan veg wat nie werklik hulle gegewe gebied was nie. Hulle het die gebied Lesem Dan genoem na die naam van hulle vader Dan.

Ons lees in Rug. 5:17 *Gílead het rustig oorkant die Jordaan gebly; en Dan, waarom vertoef hy by die skepe?*

Dan was nie tevrede met die gebied wat hulle ontvang het by VADER nie en het hulle soort van afgesonder weg van die ander seuns.

Nou kom ek met die openbaring oor die stam Dan.

In Rug. 13:21 lees ons dat 'n BoodsAPPER (*Seun van VADER*) aan Manóag en sy vrou verskyn het. In Rug.13:24 word aan die vrou genoem dat sy 'n seun sal baar en dat hulle hom Simson moet noem. Hulle ontvang opdragte hoe om die kind groot te maak waarvan sy hare nooit gesny mag word nie. In Rug. 13:25 lees ons dat die Gees van VADER in Simson begin werk het. Soos ons die verhaal ken wou hy nie 'n vrou uit sy eie mense gehad het nie, maar eerder 'n vrou uit sy vyand.

Wat nou oplet moet word is dat die Dan geslag altyd 'n nyging tot ander volke se mense en hul leringe het. Ons weet dat Dan 'n slang simbool het waarvan dit beteken dat hulle slu en slim was en tog in Deut. 33:22 lees ons dat hulle 'n jong leeu is wat uit Basan uitspring. Dus was hulle slu en baie kragtig om hul opponent te vernietig (*Eers daar gelaat*).

'n Klompie jare na Simson lees ons in Rug. 18:2 dat die kinders van Dan dapper manne (*uit Sórea en Estáol*) gestuur het om die land te verken en dit te deursoek. Hulle het die gebergte van hulle broer Efraim ingegaan en by 'n man met die naam Miga uitgekome en daar oornag. Ons lees in Rug. 18:12 dat hulle opgetrek het en laer opgeslaan by Kirjat-Jeárim in Juda. Hier kan ons weereens sien dat die Dan-niete hulle hulself soos 'n slu slang inkruip waar hulle nie hoort nie. Hulle het die gebied wat aan Juda behoort geassimileer en dié plek Dan-se-Laer genoem (*blykbaar dieselfde naam tot vandag toe*).

Ons lees verder in Rug. 18:16 tot 31 wat die doel en begeerte was van die Dan geslag. Waar hulle ook al beweeg het tussen hulle broers sien hulle die rustigheid tussen hulle. In Rug. 18:17 en verder sien ons dat hulle oorgegaan het om dit te neem wat hulle altyd na smag (*die gesnede beeld en die skouerkleed en die huisgode en die gegote beelde*). Hulle het in Rug. 18:18 na 'n huis gegaan wat aan Miga behoort het (*waarvan Miga 'n huis priester gehad het*) en hom met al sy gesnede beelde, skouerkleed, huisgode en die gegote beeld geneem. Hulle noem vir hom in Rig.18:19 dat hy stil moet bly en saam met hulle moet gaan om vir hulle 'n "vader" en 'n "priester" moet wees. Hulle noem dat dit beter vir hom so wees om priester vir die hele stam van Dan te kan wees as net oor een huis. Miga verbly hom met die woorde in Rug.18:20 en gaan toe om 'n afgod-priester vir die Dan-niete te wees.

Met die tog van die Dan geslag bo word bevestig in Rug. 18:31 dat hulle geleef het om ander se gode en gesnede beeld te assimileer (*soos Miga sin*) en ook oprig dat hulle hulself kan vereenselwig met die vreemde gode.

Die invloede van die Dan geslag op hulle broers lees ons in 2Kon. 10:29. Jehu wat die nageslag van Jeróbeam (*die seun van Nebat*) was het die 10 stamme (Yashar'EL) regeer en hulle laat oortree het. Jehu het nie afgewyk van die gode wat sy meester Jeróbeam hom geleer het nie. In 1Kon. sal ons lees en sien waar Jeróbeam na Egipte gevlug het. Waarvan hy hulle gode geassimileer het (*ek praat van die goue kalwers wat in Bet-el en in Dan was*).

In Jer. 4:14,15 lees ons waar VADER die Dan geslag se boosheid uitlig met die vraag: *Hoe lank sal jou onheils gedagtes in jou binneste vertoef?*

Nou dat ons weet dat Dan 'n slang en leeu is en ook dat hulle nie tevrede was wat hulle as erfdeel ontvang het nie gaan ons oor na Eseg. 27:18 tot 20 waar hulle met die vyand en alle volke handel gedryf het met hul kunswerke, (*afgode*) en allerhande goed soos wyn van Helbon en wit wol.

Uit Amos. 8:11-14 kom Dan se oordeel waarom hulle nie deel van die 144 duisend sal wees nie. VADER noem duidelik dat daar dae (dit is nou) gaan kom dat daar 'n honger onder die Dan geslag sal wees; Nie 'n honger na brood en 'n dors na water nie, maar om die woorde van VADER te hoor. Hulle gaan in die laste dae na al hulle gode gryp; Hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger word van die Noorde na Ooste om na die woord van VADER te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. In dié dag sal die mooi jonge-dogters en die jongmanne van dors beswyk, hulle wat sweer by die skuld van Samaría, en ook sê: So waar as jou god leef, o Dan! en: So waar as die weg van Berséba leef! En hulle sal val en nie weer opstaan nie.

Ek gaan oor na 'n samevatting en openbaring oor Dan:

Dan as die slang laat 'n lang sleep merk op die grond en nie 'n poot merk soos 'n vierpotige dier nie. Dan was die see-vaardige leeu wat oor die see met alle volke te doen kon hê en hulle aanval en plunder. Dan was 'n regter wat nie net onder sy eie mense geheers het nie, maar onder alle volke wat hulle besoek het.

As ons Dan in vandag se lewe wil uitwys waar hulle tans woon in Europa is dit Denemarke. Kom ons vat eers die Denemarke naam tot openbaring: Dene is 'Dan' die seun van Jakob; Dit word ook geskryf as Denemarke of Dan se mark en beteken dat dit die merk van die Dan familie is (*Dit lyk soos 'n kruis wat op sy, sy lê*). Die teken het verskeie betekenis waarvan ek net twee sal uitlig nl.: Vier windrigtings en die merk wat 'n slang op die aarde sal maak.

Nou omrede Dan in die vere verlede die manne was wat die aarde “deurkruis” het en baie land met hulle gode geassimileer het, het hulle hul teken gelaat by baie nasies. Om dit uit te lig gaan ons oor na die lande se vlae. Kyk gerus na Finland; Ysland; Noorweë en Swede wat ook ‘n kruis op hulle vlae het wat op sy sy lê. Daar is ander lande soos: Griekeland; Switserland; Noord-Ierland; UK, Engeland (Brittanje); Australië; New Zeeland; Ierland; Georgia en Skotland wat ook ‘n kruis op hulle vlae het wat beteken dat Dan wel by hulle ook ‘n draai gemaak het. Die kruis op landsvlae en kentekens sal jy nie regtig by ander volke vind nie, behalwe as hulle ook deur Dan beheer of beïnvloed was.

Nou wie is die hedendaagse Dan-niete ? Dit is die weggesteekte tussen die seuns van Jakob. Meeste van die broers was beïnvloed deur Dan; Daar was allerhande kompromieë en organisasies gesluit met hulle. Hulle was toe reeds die beligte manne wat onder en tussen hul broers woon. Hulle is nie die Jode of die Pousdom nie, maar “die koninklike en die super-rykes van die aarde”. Hulle woon oor die aarde, van Australië deur tot Amerika, waarvan hulle die aarde heers van ouds af.

Hoekom sê ek so?

Luister mooi hoe my stellings uit die Skrifte bymekaar kom.

Dan wat nie van sy erfporse (*soos Esau, Jakob se broer*) gehou het nie en getrek het, het hoofsaaklik hulle uitbreiding te danke aan al hulle seereise. Hulle het baie te doen gehad met die Egiptenare en met hulle gode. Soos ons by Simson leer kan ons sien dat hulle sterk soos ‘n leu kan wees en so ook slim en slu soos ‘n slang. Die Dan-niete was die groep wat afgedeel was om die instrumente soos die kandelaar, ark, komme, ens. te maak vir die Tent van samekoms waar die stem en heerskappy van YAH was. Hulle wou nie net stop met die Tent se toerusting nie, maar eerder om afbeeldings van ander gode te betrek. Die dag toe Salomo (*Juda*) se heerskappy na sy seun Rehábeam gegaan het, het dit in twee geskeur. Een deel het hy en die ander het Jeróbeam (*Dan geslag*) ontvang. Jeróbeam het eers na Egipte gevlug en daar gaan woon. Jeróbeam (*Dan*) het van al die Egiptiese gode geleer en dit later toegepas toe Salomo gesterf het. Hy het volgens VADER se wil heerskappy ontvang oor 10 stamme / seuns van Jakob. Hy het die kalf en allerhande gode van die Egiptenare ingestel in sy regering oor die 10 stamme. Jeróbeam (*Dan*) het gevoel dat dit reg was, want nou het hy hulle meer as 200 gode daar gestel wat hulle baie respek voor gehad het. Die Egiptenare was op daardie stadium die mees vooruitstrewende volk op aarde. Kyk gerus na die Egiptiese geboue, piramides en kleredrag.

Al die soort-van goed het die Dan-niete baie beïnvloed en verlei en daardeur afvallig geraak van VADER. VADER het baie kwaad geword vir hulle optrede daarom het hulle hul grondgebied verloor.

Die vraag is nou: Uit wie kom die antie *Nasaréner* (in die plek van / *strydend*)? Is dit uit die Yashar'EL, m.a.w. uit die Saksers (Isak) of is dit dalk uit die Islamiete wat op Isak jaloers was? So kan Dan ook 'n kandidaat wees.

Ek gaan oor om Open.17 te behandel, maar lees dit asb. tot openbaring: Ons lees in Open.17 van die groot hoer waarvan dit Dan mag wees volgens die informasie wat ons bo behandel het. Nog 'n rede is dat ander volke nie kan hoereer nie, want slegs die uitverkore volk kan. Hoekom? Die wet en verordeninge is nie vir die wêreld / ander volke gegee nie, maar slegs aan die kinders van Jakob. 'n Derde rede is dat die hoer wat op baie waters sit 'n simbool van die Dan stam kan wees, want hulle was die stam wat op die waters geheers het en by baie volkere aangedoen het om handel te dryf en wel so ook te doen gekry het met hulle gode (In Amos. 8:13,14 staan: *In dié dag sal die mooi jongedogters en die jongmanne van dors beswyk hulle wat sweer by die skuld van Samaría, en ook sê: So waar as jou god leef, o Dan! en: So waar as die weg van Berséba leef! En hulle sal val en nie weer opstaan nie*). Dan het baie volke beïnvloed met hulle 'Skepper' (*dié Skepper van die Yashar'EL*) en so ook hulle gode aangeneem (*soos Salomo*) en daardeur gehoereer.

Ons lees van die skarlakenrooi dier in Openbaring wat Esau met sy nageslag kan wees. Hoekom? Esau was rooi (*Gen. 25:25 En die eerste is gebore rooi, geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem*). Bo en behalwe het YAH Esau gehaat (*Mal. 1:3 maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee*).

Met gevolgtrekking kan ons sê dat Dan (vrou) op Esau (Geldmag) se rug ry. Ons lees verder in Openbaring van 'n dier met die sewe koppe waarvan ek voel dat die dier se eerste kop by Nimrod begin. Die volgende vier koppe na Nimrod het hulle heerskappy ontvang en dit ook verloor, want in YAHUSHA / Johannes se tyd was die sesde kop reeds in heerskappy wat die (*Romeine*) Rooms-Katolieke was. Heelwat jare na YAHUSHA het die sesde kop (*Romeine*) 'n dodelike wond ontvang toe die Franse die Pousdom tot stilstand gebring het. Soos ons weet het die Pousdom weer vroeg in die 1900 kop uitgesteek waarvan hulle die 'moeder' van al die kerke / gelowe tot vandag op aarde is.

Die agste kop behoort aan die dier / geldmag / Esau. Die sewende kop moet die Amerikaners wees, want hulle heerskappy het toe nog nie bestaan in YAHUSHA se tyd nie, maar wel vandag (*Hulle sal net 'n klein tyd heers saam met die geldmag Jer.8:16,17*).

Dan lees ons van die tien horings van die dier. Die tien horings van die geldmag / dier is tien heersers wat tans op aarde besig is om hulle self lekker in te wikkel om die aarde te heers. Elk van hulle het by die dier / geldmag 'n 10de deel op aarde ontvang om oor te heers (Illuminate).

Nou dié tien heersers op aarde dien veelgodery 'of moet ek noem geen god nie' (*ateïsme*). Dan (*hoer*) met sy gode gaan deur die tien heersers van die aarde verwerp en afgeworpe word, want hulle het hom en sy gode nie meer nodig nie.

Wat dit wel beteken is dat die geloof-stelsel wat tans op aarde heers nie meer deur die geldmag (*Esau*) gebruik sal word nie, want hulle glo aan geen god of skepping nie (*wat nog van YAHUSHA en die VADER van die Yashar'EL*). As ons verder lees in Openbaring sal ons lees dat die 10 heersers saam met die geldmag oorlog gaan voer teen die "Lam" en Sy kinders. Ons vertroosting lê in *Matt. 24:21,22* *Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.:22* *En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.* Dus gaan hulle wel verloor teen die Lam, ons Koning "YAH"!

Wat wel ook beseft moet word staan in 1Jo 2:18 *Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antiehris Nasaréner kom, bestaan daar ook nou baie antiehris Nasaréner, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is* Dus : 1Jo 2:22 *Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat ~~J*sus die Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner is? Dit is die Antiehris Nasaréner wat die VADER en die Seun loën. 1Jo 4:3 en elke gees wat nie bely dat ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner in die vlees gekom het nie, is nie uit God VADER nie; en dit is die gees van die Antiehris Nasaréner waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. (2 Joh.1:7). 2Jo 1:7* *Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antiehris Nasaréner.*

Daar het oor die eeue baie heersers op gestaan wat wel voorbereide was om die Anti Nasaréner daar te stel waarvan Trump van Amerika die volgende kandidaat is.

Ek sluit om te noem dat ons nie ons ore moet uitleen om 'n Anti Nasaréner te verwag nie, maar wel 'n heerskappy van die 10 lande wat van korte duur sal wees.

Doen eerder die opdrag wat ons ontvang in *Open.2:24,25* *En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. :25* *Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.*

Bedink al die woorde